

5 Julie 2013

**Skrifgedeelte: Psalm 147:1-20**

**Fokusgedeelte: Psalm 147:8, 9**

### **Die Bevelvoerder agter elke weerstelsel**

Psalm 147 herinner jou daaraan dat God nie net by die welstand van jou geestelike lewe betrokke is nie, maar dat Hy elke dag met sigbare en tasbare dinge vir jou sorg. Hy is betrokke by jou beskerming, die ekonomie, by die oeste en by jou ervaring van onreg en swaarkry.

Volgens die psalmdigter is ook die reën en koue konkrete tekens dat God by ons lewens betrokke is. Dit is 'n oproep-psalm. Die digter roep op om die Here te loof (vs. 1, 12) en om die Here te dank (vs. 7). Vir die lof en dank wat ons aan God verskuldig is, gee hy verskeie redes. Een daarvan is vers 8: Hy voorsien die reën vir die aarde en gee aan die plaasdier en wilde diere hulle kos.

As God dan só by ons daaglikse lewe betrokke is, moet ons Hom dien en vertrou (vs. 11). God is tog in beheer. Dit is net Hy wat aan die aarde 'n bevel kan gee (vs. 15). As voorbeelde van sy beheer en bevel noem die psalm weer eens die weersomstandighede: God gee die sneeu soos 'n wit wolkombers; Hy strooi die ryp uit soos as; dit is Hy wat die haelstene laat reën. Alle natuurwette staan onder sy bevel. Hy is in beheer van elke weerstelsel met sy kouefronte of hittegolwe.

Op God se bevel smelt alles weer (vs. 18). Die digter gebruik die beeld van die lopende waters om daarmee die uitdra van God se Woord te vergelyk (vs. 18, 19). So herinner die opbou van die reën en die sneeu aan God se betrokkenheid, maar die afloop van die reën en die sneeu is altyd vir sy kerk 'n herinnering dat ons die blye nuus van die lewe van liefde en vergewing in Jesus Christus aan 'n wêreld wat dors is, moet verkondig.

*Sing: Psalm 147:6, 7 (Totius)*

*Dr. SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)*